## Versoeningsdag onder andere Geloftedag **Woensdag 16 Des 2020**

**LEES 2 Kron 7:12-22**

"**Versoeningsdag** is 'n openbare vakansiedag in Suid-Afrika wat jaarliks op **16 Desember** gehou word. Die vakansiedag is vir die eerste keer in **1994** gehou, na die einde van apartheid. Die doel van die dag is om versoening en nasionale eenheid van die kulturele, taalkundige en rasverdeelde Suid-Afrika te bevorder.
Die datum van 16 Desember is gekies omdat hierdie dag vir beide vir die Afrikaners sowel as verskillende Afrikavolke belangrik is. **16 Desember 1838** word onthou ter herdenking van die Voortrekkers se oorwinning teen 10 000 Zoeloes tydens die Slag van Bloedrivier. Die dag was tydens apartheid as Geloftedag gevier, en party Afrikaners vier egter steeds Geloftedag.[1][2]
Afrikavolke wat nie die reg gehad het om in nasionale verkiesings te stem nie, het 'n ruk na die Anglo-Boereoorlog, op **16 Desember 1910**, begin om teen rassediskriminasie te protesteer.[1]
Nadat pogings van passiewe protes en weerstand teen apartheid onsuksesvol was, het die African National Congress op **16 Desember 1961** besluit om die gewapende stryd teen die apartheidsregering op te neem. Om hierdie rede erken die Afrika-volke 16 Desember as die dag toe Umkhonto we Sizwe (MK) gestig is. Die MK het op hierdie dag hulle eerste dade van sabotasie op verskeie staatsgeboue in Johannesburg, Port Elizabeth en Durban uitgevoer.[1]
Die huidige regering het hierdie betekenisvolle dag gekies sodat die dag 'n erkenning van rasseharmonie kan wees, waarop mense van verskillende kulture, tale en rassegroepe met mekaar kan versoen."

Bron: https://af.wikipedia.org/wiki/Versoeningsdag

In ons Skrifgedeelte lees ons hoedat Salomo 'n tempel gebou het vir God. Salomo was 'n baie ryk koning en sy jaarlikse inkomste was 23 ton goud. Die tempel was verskriklik mooi met goud en kosbare hout en met die beste vakmanskap gebou. God het simbolies met sy magtige teenwoordigheid in die tempel ingetrek. Hy het die offers wat Salomo gebring het met vuur uit die hemel verteer.

So lees ons ook in die Suid Afrikaanse geskiedenis hoedat Sarel Cilliers met ongeveer 470 manne 'n gelofte gedoen het op 16 Des 1838. As die Here hulle sou bewaar sou hulle elke 16 Desember van elke jaar as 'n Sabbatdag deurbring. Hulle sou 'n kerk bou, wat wel in Pietermaritzburg gebou is en hulle sou die verhaal van God se wonderbaarlike uitkoms aan hulle kinders vertel het.

So het God se genade ook duidelik oor sy kinders geblyk.

- Die tempel van Salomo is verwoes omdat die volk ontrou was.
- Die kerkgebou in Pietermaritzburg is maar klein.
- Maar ons liggame is nou tempels van die Here.
- Die Heilige Gees woon in ons tempels.
- Daarom moet ons onsself rein hou voor God en Hom aanbid.

Ons **MOET** in gehoorsaamheid aan God vir sy bewaring in die lewe, elke dag aan Hom die eer toebring.
Ons **MOET** God in gehoorsaamheid dien en Hom loof en prys.
Ons **MOET** nie vergeet dat God ook ons Verbondsgod is nie.
Hy sorg elke dag vir ons.
Hy bewaar ons deur Jesus Christus.
Hy bewaar ons vir ons ewige erfenis.
Daarom op hierdie dag 16 Desember 2020 bring ons aan ons God die lof en die eer en die dank toe. **Amen** (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)